

Direkteur Sinode

NG Kerk in Oos-Kaapland

Ds Danie Mouton

Tel 041 365-3159 (k) - Sel 082 9234 178 - danie@ngkok.co.za - Faks: 0865 860 623
Posbus 34842, Newtonpark, 6055

AAN: Leraars en kerkrade

2 Februarie 2018

Geagte vriende,

BIDDAG VIR REËN EN VEROOTMOEDIGING VOOR DIE HERE

Ons is die Here dankbaar vir soveel plekke in ons landelike gebiede waar goeie reën geval het, hoewel daar op baie plekke nog droogte heers en opvolgreën noodsaaklik is. In Port Elizabeth en omliggende landelike gebiede is dit geweldig droog. Saam met Kaapstad is ons diep in die pekel.

In hierdie tyd van knellende droogte word gelowiges uitgedaag om hulle te verootmoedig en in gebed hulle vertroue op God te plaas vir hulp en uitkoms. In die Bybel sien ons immers dat woestyn- en swaarkrytye geleenthede geword het van diepe verootmoediging. Dit was ook in dié tye dat God sy roeping aan mense bekend gemaak het en hulle opnuut bewus geword het van hulle afhanklikheid van Hom.

Die moderature van die NG Kerk in Oos-Kaapland, die VGK Kaapland, die NG Kerk in Wes-Kaapland, die Anglican Church of Southern Africa (Anglikaanse Kerk), die Congregational Kerk, die Presbiteriaanse Kerk en die Evangelical Lutheran Church of Southern Africa (ELCSA), doen nou 'n beroep op alle landsburgers om 14 Februarie 2018 'n dag van verootmoediging te maak. 14 Februarie is Aswoensdag, die begin van die lydenstyd in die kerkjaar. Ons bede is dat in die lig van die droogte die hele lydenstyd vir die kerk van Christus 'n tyd van verootmoediging en gebed sal wees

Ons versoek gemeentes om op 14 Februarie vanaf 12:00 hulle kerkklokke vir 'n tyd te lui om sodoende almal in ons gemeenskappe op te roep tot gebed en verootmoediging.

Indien dit goed gereën het in julle omgewing sou julle steeds kon bid vir die drooggeteisterde gebiede.

Ons versoek ook gemeentes om deur die loop van hierdie dag in elke gemeenskap 'n spesiale gebedsbyeenkoms te hou. Ons versoek is dat hierdie gebedsinisiatief die gestalte van 'n **gemeenskapsaksie** sal aanneem. Ons versoek ook dat kinders op spesiale maniere betrek word. Gemeenteleiers sou ook met skole kon skakel in hierdie verband.

Ons sal in die komende week 'n skrywe rig aan gemeentes met verdere wenke oor die inhoud van die gebedsgeleenthede.

Laat ons daagliks bid vir reën, maar met 'n leerbare hart, en 'n oop gemoed vir die leiding van die Heilige Gees oor elkeen van ons se roeping. Laat ons in hierdie tyd in vrede met mekaar en ander leef, mekaar

bemoedig en mekaar in ons gebede dra. En laat ons hulp verleen aan elkeen wat die helpende hand van 'n naaste nodig het.

Ds DW Mouton
Direkteur Sinode